basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

MEI/JUNIE 2026

NOORD-KAAP

PUNTE: 40

TYD: 1½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommer oor die teks wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vraag aandagtig deur voor jy dit beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A:	Drama	(40)
AFDELING B:	Kortverhale	(40)

3. Beantwoord die vrae in EEN van die afdelings:

   AFDELING A: DRAMA
   Beantwoord die vrae oor die drama *(Perdekrag)* wat jy bestudeer het.

   OF

   AFDELING B: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 90 minute

   OF

   AFDELING B: 90 minute

8. Skryf netjies en leesbaar.

INHOUDSOPGAWE

Kies SLEGS die afdeling wat jy bestudeer het.

AFDELING A: DRAMA **Beantwoord slegs die EEN vraag.**		
VRAAGNOMMER	**PUNTE**	**BLADSYNOMMER**
1. *Perdekrag*	40	4
OF		
AFDELING B: KORTVERHALE **Beantwoord AL TWEE kortverhale.**		
2. "Die wedloop"	20	9
EN		
"Die ramp"	20	11

AFDELING A: DRAMA

Hierdie afdeling bestaan uit EEN vraag.

VRAAG 1: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS A

WILMA:	Die magistraat het gevoel dat jy net nog nooit 'n kans gekry het nie –	
LUCKY:	– en nou dink julle as ek hier rondhang, gaan ek "insig kry in my probleem"? Fat bleddie chance!	
WILMA:	Die idee is vir jou om te leer. Hierdie perde kan jy nie boelie nie. Hulle sien dwarsdeur jou.	5
LUCKY:	*(Desperaat.)* Wat de hel wil jy hê moet ek doen?	
WILMA:	Jy kan begin deur die perde se vertroue te wen.	
LUCKY:	Ag, spaar my dit! *(Hy beduie na Kaizer.)* Moet ek hom agter sy oor kielie dat sy been soos 'n brakkie s'n skop-skop? *(Hy lag vir sy eie grap.)*	
WILMA:	Lyk dit vir jou of Kaizer jou vertrou? Hm? Of Tinkerbelle? (*Lucky aarsel.)* Toe, sê my? Volg hulle jou net omdat jy vra? Lig hulle 'n poot sodat jy –	10
LUCKY:	*(Gil uit frustrasie.)* Dêmmit! Hoe moet ek – ? Jy het grootgeword met die goed.	

1.1 "Die magistraat het gevoel dat jy net nog nooit 'n kans gekry het nie –" (Reël 1)

1.1.1 Wat was die straf wat die magistraat vir Lucky gegee het? (1)

1.1.2 Waar moes Lucky hierdie straf uitdien? (1)

1.1.3 Waarom het Lucky nie met troeteldiere "grootgeword" nie? (1)

1.1.4 Lucky het vir Lady Jane geskrik en weggehardloop.

Wat het Wilma gedoen nadat Lucky weggehardloop het? (1)

1.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.2) en die letter (A–D) neer.

"Hulle sien dwarsdeur jou." (Reël 4 en 5)

Met hierdie woorde bedoel Wilma dat perde ...

A baie goed kan sien.
B weet wanneer mense siek is.
C hulle nie aan mense steur nie.
D kan aanvoel of mense goed of sleg is. (1)

1.3 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Die eienaar van die perdeplaas wou hê dat Lucky en Binki haar <u>mevrou Botes</u> noem. (1)

1.4 Lucky se woorde sê vir ons hoe Lucky voel.

Kies die emosie uit KOLOM B wat by Lucky se woorde in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.4.1	"… ryk rotte gee meer om vir diere ..."	A	Lucky was ongeduldig met Lady Jane.
1.4.2	"Sy het net haar eie two-by-two's."	B	Lucky het van sokker gehou.
1.4.3	"Maar hoe de hel gaan ek jou impress?"	C	Lucky het gespot oor sy ma wat werk toe loop.
1.4.4	"Lig jou bleddie poot!"	D	Lucky was kwaad omdat hy arm was.
		E	Lucky het gevoel dat Wilma hom nie vertrou nie.

(4 x 1) (4)

1.5 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die drama gebeur.

- Wilma het vir Lucky vertel van die kinders wat by haar kom perdry.
- Wilma het Lucky se selfoon gevat en in haar sak gesit.
- Wilma het vir die prokureur gesê dat Lucky by die grootpad vir haar wag.
- Wilma het vir Lucky gewys wat hy moes doen. (4)

1.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.6.1 en 1.6.2) en die antwoord neer.

Die tema van hierdie drama is dat perde mense kan help om (1.6.1) (gesond/ ryk) te word. Een van die lesse wat 'n mens uit die drama kan leer, is dat jy (1.6.2) (met ander mense moet raas oor verkeerde dinge/die beste van jou eie omstandighede moet maak). (2)

1.7 Waarom kan ons sê dat Wilma nie moed opgegee het met Lucky nie, al het hy verkeerd opgetree? (1)

1.8 Waarom was dit verkeerd van Lucky om Binki se kontaklys te verander? (1)

1.9 Hoe sou jy gevoel het as jy Lucky was en jy op die perdeplaas moes gaan werk? (1)

1.10 "Dêmmit! Hoe moet ek – ?" (Reël 12)

Waarom laat die skrywer vir Lucky die woord "Dêmmit!" gebruik? (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS B

BINKI: Nee, my ma het gesê sy is te –
LUCKY: – sy's te besig om weer 'n hond te hê. Jip, natuurlik.
BINKI: *(Skud haar kop hartseer.)* Ja, maar sy is regtig –
LUCKY: Aag, dis oukei. Jy het mos nou al hierdie perde. *(Lucky maak lawwe galopbewegings om die oomblik op te vrolik. Binki lag vir hom. Sy hou haar hand uit vir haar foon. Lucky spring weg van haar en begin weer te tik.)* Nee, wag, ek sit net 'n nuwe naam in.
BINKI: Jy het dan al joune ingetik.
LUCKY: Ja, maar hierdie een is nou my ander naam. "Extra Lucky". En my naam is eerste by jou contacts. En die nommer is 7-7-7.
BINKI: *(Lag, maar probeer haar foon by hom gryp.)* Nee, man, gee my foon! *(Hulle stoei speels om besit van die foon. Lucky bly voor Binki wegdans. Binki gryp in die lug rond. Die spel word al wilder ...)*

1.11 Wat was Binki se hondjie se naam? (1)

1.12 Noem TWEE dinge wat tydens die brand gebeur het wat Binki hartseer gemaak het. (2)

1.13 VOLTOOI die volgende sinne deur elke keer EEN woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommers (1.13.1 tot 1.13.4) en die antwoord neer.

elf; naweke; Sabrina; onderwyser; twaalf; Grace; besigheidsvrou; vakansies

1.13.1 Binki het haar ma ... genoem. (1)

1.13.2 Binki se ma was baie besig, want sy was 'n ... (1)

1.13.3 Binki se ma het haar soms ... kom haal om by haar te gaan kuier. (1)

1.13.4 Binki het graad ... deur korrespondensie gedoen. (1)

1.14 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (1.14) en die antwoord neer.

"Jip, **natuurlik**." (Reël 2)

Dit is 'n voorbeeld van (sarkasme/'n vergelyking). (1)

1.15 Die dinge wat mense doen, het gevolge.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (1.15.1 tot 1.15.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.15.1	Binki wou nie met vreemde mense praat nie.	A	Binki het Lucky probeer waarsku dat Wilma agter hom staan.
1.15.2	Binki het haar lewe gewaag om haar hondjie te red.	B	Binki se ma het die foon in haar oor neergesit.
1.15.3	Binki wou weet waarom haar ma haar weer nie wou kom haal nie.	C	Binki het op haar eie klein takies op die perdeplaas gedoen.
1.15.4	Die perde en mense by die perdeplaas was genoeg vir Binki.	D	Binki het besluit sy het haar ma nie nodig nie.
		E	Lucky het gedink dat Binki hom sou haat as sy weet wat hy aan diere gedoen het.

(4 x 1) (4)

1.16 Net soos Lucky, is Binki ook gestraf deur by die perdeplaas te werk.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

1.17 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.17) en die letter (A–D) neer.

Die woorde "*(Skud haar kop hartseer.)*" in reël 3 is skuinsgedruk en tussen hakies, want dit ...

A beklemtoon dat Binki ongelukkig is.
B wys wat die karakter op daardie oomblik doen.
C wys vir die gehoor dat hulle hartseer moet wees.
D maak die gesprek tussen die karakters interessant. (1)

1.18 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.18.1 en 1.18.2) en die antwoord neer.

Aan die begin van die drama (1.18.1) (het Binki graag die perde gelei/was Binki bang vir die perde). Aan die einde van die drama was Binki (1.18.2) (tevrede/ongelukkig) om saam met die perde op die plaas te bly. (2)

1.19 Waarom was dit goed vir Wilma dat Binki op die perdeplaas gewerk het? (1)

1.20 Hoe het Lucky se straf hom positief verander? (1)

1.21 Lucky het Binki van die begin af geterg.

1.21.1 Wat sou jy anders as Lucky gedoen het? (1)

1.21.2 Waarom sê jy so? (1)

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: KORTVERHALE

Hierdie afdeling bestaan uit EEN vraag.

VRAAG 2: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

VERHAAL A: "DIE WEDLOOP" – Pirow Bekker
EN
VERHAAL B: "DIE RAMP" – TT Cloete

VERHAAL A: "DIE WEDLOOP" – Pirow Bekker

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS C

Gelukkig is daar niemand anders in die tent nie. Hy koop twee horinkies en prop een in my hand.
"Vat so. Kom ons gaan eet hier agter."
Met die roomys half onder my blad volg ek gedwee. Hy mag nie sien dat ek bang is nie. Ek hou my oë op die skraal, harde kuite wat so kordaat voor my uit gaan, by die tent uit. Hoeveel keer het ek nie die afgelope jaar daardie hakskene gesien wat so binnetoe swaai as hy hulle van die grond optel nie!
Haatlike hakskene.
Agter die tent teen die muur waar daar 'n klomp geroeste blikke lê, en waar ons uit die gesig is, eet ons in stilte.
"Hoe hardloop jy vanjaar?"
Ek het nie verwag dat hy dit so pront sal vra nie.
"Ag ... ek weet nie."
"Het jy baie geoefen?"
"Nee wat. En jy?"
"Ek ook nie."

2.1 "Vat so. Kom ons gaan eet hier agter." (Reël 3)

2.1.1 Met wie praat Vis hier? (1)

2.1.2 By watter plek is hulle? (1)

2.1.3 Hulle is besig om roomys te eet.

Waarom mag hulle eintlik nie roomys eet nie? (1)

2.1.4 Wat wou Vis hê moes hulle doen nadat hulle roomys geëet het? (1)

2.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (2.2) en die letter (A–D) neer.

Met "Haatlike hakskene" in reël 8 bedoel Salmon dat Vis …

A se voete vuil was.
B se hakskene seer was.
C sy grootste teenstander was.
D sonder skoene gehardloop het. (1)

2.3 Die karakters se woorde sê vir ons hoe die karakters voel.

Kies die emosie uit KOLOM B wat by die karakter se woorde in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (2.3.1 tot 2.3.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.3.1	"Vandag gaan jy hulle droog hardloop."	A	Vis was kwaad vir Salmon, want Salmon het gedink hy kies elke keer die vinnigste baan.
2.3.2	"Ek sit twee rand op die swartkoppie!"	B	Die atletiekonderwyser het geglo sy atlete sal die beste vaar.
2.3.3	"Wil jy sê ek kroek?"	C	Salmon se ouers was dankbaar dat Vis hulle seun gehelp het.
2.3.4	"Dis mos wat jy wou gehad het!"	D	Oom Drieman was so opgewonde dat hy op Salmon gewed het.
		E	Salmon het baklei omdat hy bang en teleurgesteld was.

(4 x 1) (4)

2.4 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Die Super-Fast se <u>regterbaan</u> was die vinnigste. (1)

2.5 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Vis het hulle eie wedloop met Salmon op sy rug gehardloop.
- Die twee seuns het by Vis se huis met die karretjies gaan speel.
- Vis en Salmon is oor die luidspreker geroep om te gaan hardloop.
- Salmon moes saam met die ander atlete in die koelte gaan rus. (4)

2.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (2.6.1 en 2.6.2) en die antwoord neer.

Die tema van hierdie kortverhaal is (2.6.1) (goeie sportmangees/kompetisie tussen grootmense). Een van die lesse wat 'n mens uit die verhaal kan leer, is dat (2.6.2) (wen nie die belangrikste ding is nie/jy nooit mag verloor nie). (2)

2.7 Waarom was dit mooi van Vis dat hy nie alleen die wedloop gaan hardloop het nie? (1)

2.8 Waarom was dit verkeerd van Salmon om Vis die skuld vir alles te gee? (1)

2.9 Hoe sou jy in Salmon se situasie optree as jy jou voet voor 'n belangrike kompetisie gesny het? (1)

2.10 "Hoe hardloop jy vanjaar?" (Reël 11)

Waarom laat die skrywer vir Vis hierdie vraag vra? (1)

EN

VERHAAL B: "DIE RAMP" – TT Cloete

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS D

Toe ek op Humansdorp kom, had ek geen aspirine meer nie. Geen wakende siel behalwe die petroljoggie by die garage nie. Hy kon my nie beduie waar 'n dokter of apteker woon nie. Nou moet ek die laaste ent maar jaag, harder as wat die koors in die kind klim.

By Jeffreysbaai hardloop 'n steenbokkie voor die motor in. 'n Harde slag, maar ek bly aanry, want blykbaar het die motor niks oorgekom nie. Die kinders het almal wakker geskrik en gevra wat gebeur het.

"Niks ernstigs nie, net 'n klein steenbokkie wat voor ons ingehardloop het. Dalk het die bak so 'n stampie gekry, maar kyk, die motor het nog ligte en loop goed. Wat wil ons meer hê? Dis maar 'n nietige ongelukkie. Jammer vir die bokkie ... Daar is niks verkeerd nie."

Die kinders slaap gou weer.

2.11 Waarom moes die verteller se vrou met die vliegtuig huis toe gaan? (1)

2.12 Gee TWEE redes waarom die verteller se rit per motor tot op Humansdorp moeilik was. (2)

2.13 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (2.13) en die letter (A–D) neer.

"Nou moet ek die laaste ent maar jaag, ... " (Reël 3)

Met die "laaste ent" bedoel die verteller dat hy na … moes jaag.

A Houtbaai
B Jeffreysbaai
C Humansdorp
D Port Elizabeth (1)

2.14 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (2.14) en die antwoord neer.

" … harder as wat **die koors in die kind klim**." (Reël 3 en 4)

Dit is 'n voorbeeld van ('n metafoor/personifikasie). (1)

2.15 Die kinders het die rit alleen saam met hulle pa geniet.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

2.16 VOLTOOI die volgende sinne deur elke keer EEN woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommers (2.16.1 tot 2.16.4) en die antwoord neer.

brandstof; aspirine; groen; dogter; hoesgoed; rooi; seun; water

2.16.1 Die verteller het stilgehou, want daar het 'n ... liggie op die instrumentepaneel geflikker. (1)

2.16.2 Die gesin kon nie verder ry nie, want al die ... het uitgelek. (1)

2.16.3 Die verteller se oudste ... het saam met hom langs die pad gestaan. (1)

2.16.4 Die weldoener het vir die siek kind ... gegee. (1)

2.17 Die dinge wat mense doen, het gevolge.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers 2.17.1 tot 2.17.4 en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.17.1	Die verteller het langs die pad gestaan om hulp te vra.	A	Die verteller het per ongeluk die weldoener se bril afgestamp.
2.17.2	Die verteller kon nie verder met sy motor ry nie.	B	Die weldoener het gesterf.
2.17.3	Die drie mans het gelyktydig by die motor se stukkende enjin ingeloer.	C	'n Geel Mini-stasiewaentjie het in die reën gestop om die gesin te help.
2.17.4	Daar was 'n ongeluk in die Van Stadenspas.	D	Die verteller wou vir die weldoener se hulp betaal.
		E	Die weldoener het saam met die insleepmotor gekom om die verteller se motor te sleep.

(4 x 1) (4)

2.18 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (2.18.1 en 2.18.2) en die antwoord neer.

Nadat die weldoener die verteller gehelp het, was die verteller (2.18.1) (seker/ onseker) dat die res van die rit huis toe goed sou verloop. Aan die einde van die verhaal was die verteller (2.18.2) (hartseer/tevrede), want die weldoener het sy lewe verloor. (2)

2.19 Waarom was dit reg dat die bestuurder van die insleepmotor stadiger in die mis gery het? (1)

2.20 Waarom kan ons sê dat die verhaal nie goed geëindig het vir die weldoener se kinders nie? (1)

2.21 Die verteller was nie gereed om die rit huis toe aan te pak nie.

2.21.1 Wat sou jy anders gedoen het as jy die verteller was? (1)

2.21.2 Waarom sê jy so? (1)

TOTAAL AFDELING B: 40
GROOTTOTAAL: 40

Kopiereg voorbehou